SASOO
SUID-AFRIKAANSE STIGTING VIR ONDERWYS EN OPLEIDING

Serenestraat 278, Posbus 90120, Garsfontein, Pretoria, 0042

Tel +27 83 306 9317
+27 83 255 6494

E-pos sasooprojek@gmail.com

GRATIS BEMAGTIGINGSKURSUSSE VIR VOORHEEN BENADEELDE AFRIKAANSSPREKENDE SKOOLHOOFDE EN -ONDERWYSERS

Die Suid-Afrikaanse Stigting vir Onderwys en Opleiding (SASOO) bied deur medium van Afrikaans bemagtigingskursusse vir voorheen benadeelde Afrikaanssprekende onderwysers met onderrigmedium Afrikaans in die Noord-, Oos- en Wes-Kaap aan. Die kursusse is deur SARO geëndosseer en tel vir professionele ontwikkelingspunte. Kursusgangers wat die kursus suksesvol voltooi sal 'n sertifikaat uitgereik deur SASOO ontvang.

Daar sal drie kursusse per venue wees. Elke kursus kan tot sestig persone aanvaar. Die kursusse loop parallel met mekaar in dieselfde venue om dit makliker vir skole te maak om kursusgangers te laat saamry. **Die kursusse is gratis** – net reiskostes word deur die kursusgangers gedra. Waar oornagverblyf benodig word, sal gepoog word om kursusgangers in skoolkoshuise te vestig.

Die kursusse duur vyf dae, en sal 'n week in die skoolvakansie neem. Die kursusse sien soos volg daaruit.

(1) Bestuurskennis en –vaardighede vir skoolhoofde en hulle adjunkte

Die drie areas wat gedek staan te word is Kurrikulumbestuur, Finansiële bestuur en Uitvoerende bestuur. Hierdie kursus neem deeglik kennis van die waardevolle werk wat die NKOD, OKOD en WKOD op hierdie terrein ook doen, en sal nie met amptelike departementele beleid bots nie.

(2) Wiskunde (Intermediêre fase)

Een van die vertrekpunte is dat die onderwyser in die Intermediêre Fase ook met die Senior Fase se inhoude en benaderings vertroud moet wees. Die kursus word op die KABV (CAPS) beleide van die DBO gefundeer. Daar is ses modules van ses ure elk vir 'n totaal van 36 ure se blootstelling oor die 5 dae:

i. Inleiding, konsepvorming in Wiskunde verandering in die onderrig van Wiskunde (Pedagogiek)
ii. Datahantering
iii. Getalle, bewerkings en verwantskappe
iv. Patrone, funksies en algebra
v. Ruimte en vorm (Meetkunde)
vi. Meting

Kursusgangers sal wiskundige konsepte kan identifiseer; die konsepte tot op graad 9-vlak kan verstaan; metodologiese benaderings tot die vak kan aanpas; en konsepontwikkeling onder leerders kan identifiseer.

(3) Natuurwetenskap (en Tegnologie) (Senior Fase)

Een van die vertrekpunte is dat onderwysers in die Senior Fase ook met die Intermediêre Fase se inhoude en benaderings vertroud moet wees. Die kursus word op die KABV (CAPS) beleide van die DBO gefundeer. Daar is ses modules vir 'n totaal van 36 ure se blootstelling oor die 5 dae:

i. Inleiding, Konsepvorming in NW en die verandering in die onderrig van NW (Pedagogiek) 5 ure
ii. Energie en verandering 7 ure
iii. Materie en Materiale 7 ure
iv. Lewe en Lewende dinge 7 ure
v. Planeet aarde en ruimte 6 ure
vi. Tegnologie 4 ure

Kursusgangers sal natuurwetenskaplike en tegnologiese konsepte kan identifiseer; die konsepte tot op graad 9-vlak kan verstaan; metodologiese benaderings tot die vak kan aanpas; en konsepontwikkeling onder leerders kan identifiseer.

Die kursusse in Wiskunde en Natuurwetenskap en Tegnologie is aan evaluering vooraf en na afloop van die kursus onderhewig.

Inligting oor hoe en waar om te registreer sal u eersdaags bereik. ‘n Navraagtelefoonnommer sal ook aan u voorsien word. Intussen is u welkom om navrae te rig aan die e-posadres en/of telefoonnommers wat bo aan hierdie kennisgewing verskyn.